

## HOOFSTUK VII.

## KEUS VAN WOORDE EN UITDRUKKINGS.

Dit is 'n geluk, of deug, dat die Afrikaanse Taal gin dialekte, of tongvalle besit nie. Die sinsbouw, sinswendings, woordskikkings en manier van uitdrukking is in die algemeen dieselfde orals waar Afrikaans gepraat word. Die verskil, wat bestaan, vind ons in die *woorde* en in hulle uitspraak en gebruik.

Daar is drie beskouinge in verband met woordekeus, wat die aandag verdien:—

1e. Die *aantal* persone, wat 'n woord sodanig uitspreek of gebruik.

2e. Die *oppervlakte*, waaroor so 'n woord algemeen in die dagelikse spreektaal gebruik word. So is b.v. die Boland dik bevolk; maar betreklik klein in oppervlakte.

3e. Dat die gebruik van 'n woord gouwer en geredeliker in dik bevolkte streke, op kommando's, dorpe en groot skoolsetels, voet vat en versprei.

Drie voorbeelde, wat hier volg, sal ons mening verklaar en duidelik laat verstaan:

Die gewas onder plantkundiges bekend als *Datura Stramonium* (Holl. Dorenappel) word in die dik bevolkte Boland die *stinkblaar* genoem. Op die nog kleiner oppervlakte nl. in die distrik van Clanwilliam, heet dit *dotter*, terwyl dit in die binnelande van die Kaap, ook in Vrijstaat en Transvaal *stink-olie* genoem word. In hierdie geval sal die man bij die inktot aldus rede-neer: "Clanwilliam is verkeerd; want *dotter* of *plomp* is 'n plant met 'n groot geel blom en groei in Europa; ook die distrik Clanwilliam is klein en dun bevolk. Die groot binnelande, Vrijstaat en Transvaal is ook verkeerd; want die plant is nie *olieagtig* nie. Maar die kleiner dog dik bevolkte Boland is reg; want die *blare* van die plant *stink*."

Als tweede geval noem ons weer 'n plant (Holl. Kalfsvoet) wat onder plantkundiges bekend is als *Arum* net om aan te toon in watter waan verkeerde skaamte iemand kan bring. In die Boland word die plant *Varkeblom* genoem, terwyl dit onder die naam van *Varke-oor* in die ander gebiede van die Unie bekend is. Die Engelse begin te spot, seggende dat dit tog 'n te lelike naam is vir so'n mooie blom, terwyl hulle al die tijd die name *Lord Bacon*, *Major Hogg* en *Mr. Ham* hoog in die wolke verhef en die glad nie so erg lelik vind nie. Maar ons jong mense het tog skaam geword, en gee toe dit die Hollandse naam van *Aronskelk*, of *Aronselie*. Nou wonder ons wat hul *varkevleis*, *varkespek* en *speenvarke* op hulle borde aan die maaltijdtafel gaan gee? O, verbeelding, verbeelding!

Als derde voorbeeld sal ons kies die Hollandse woord "ook." In die Boland word die woord "oek" uitgespreek, terwyl die Ondervelders, Vrijstaters en Transvalers sê "ok." Nêrens in die spreektaal hier in Afrika hoor ons die Hollandse "ook" nie —als net bij die enkele persone onder Hollandse invloed spreekende. Die ou Genootskap het die skryfvorm daarvan deur 'n kongres laat beslis, wat die voorkeur aan die Bolandse "oek" gegee het, omdat dit midde tussen "ook" en "ok" val en omdat die geleerder klas die woord so uitspreek.

Die Genootskap het hierdie plan gevolg:

1e. Waar twee of meer woordvorms vir dieselfde gedagte bestaan om dan gewoonlik al die vorms toe te laat; want die gewildste sal tog later die oorhand krij.

2e. Die taal is die *eiendom* van die *hele nasie*, en hulle behoort 'n seggingsreg in die skryftaal te hê en daarom het die Genootskap woorde soos, "oek" en "baing" deur 'n kongres uit alle dele van die land laat beslis. Is die taal een maal verknoei, dan sit nie alleen die verknoeiers daarmee opgeskeep nie; maar ook die ganse nasie tot in hulle nageslagte.

Die Engelse spelling lewer hiervan 'n treffende bewijs. Nou moet daardie nasie die opgelegde spelling volg, anders is hulle verkeerd in hulle geskrifte. Maar hoeveel trotser sal 'n Engels-

man nie oor sijn taal gewees het nie als die eerste skrywers daarvan met die wegspring 'n beter manier van spelle gevolg het.

'n Engelsman sê eens aan ons: "Nee, 'n ander spelling sal nie gaan nie; want ons het soveel woorde met verskillende menings en wat anders uitgespreek word—dit sal verwarring in ons skryftaal veroorsaak."

Waarop ons aanmerk: "Pure verbeelding! Neem maar een woord in julle taal "bar." Dit beteken: kantien, balie in de gereghof, staaf, 'n sandbank voor die mond van 'n rivier, om te versper, hinderpaal, dwarsstreep, dwars rotse, notebalk in musiek, deurgrendel, om 'n deur te grendel ens. ens. En julle Engelse het net *een spelling* vir al die betekenis. Het dit ooit verwarring van mening opgelewer?" Tjoepe stil!

Ons het flussies gesê dat die keus grootliks bestaan om die regte woord te bepaal. Dit is so. Want in baing opsigte is ons taal rijk aan benaminge vir dieselfde gedagte of voorwerp, so het ons som vir een en dieselfde ding twee, drie, vier name en die een is so betekenisvol als die ander toepaslik is sodat ons kompas soms stilstaan om te weet aan watter een ons die voorkeur moet gee. En dan nog, als ons 'n vergelyking tref tussen die Hollandse en Afrikaanse benaminge dan skijn dit ons toe dat ons in baing gevalle ons broeders, die Hollanders, ver uitstof. In baing gevalle sukkel die Hollanders nog met vreemde woorde waar ons vir ons een of twee egte Afrikaanse woorde kant en klaar gemaak het. So praat die Hollander nog van Lucifer (ligdraer) terwyl ons van *vuurhoutjies* praat—hij noem dit wel zwavelstokjes. Maar die *vuurhoutjies* het mos nie meer swavel nie, dit het ons ou rooikop *swavelhoutjies* mos gehad. So praat ons van *vuurhoutjies* en *swavelhoutjies* als twee glad aparte artiekels. Vir die Frans-Hollandse woord *Chamelion* (klein kameeltjie) het ons twee woorde *trapsuutjies* omdat die soort akkerdis sig so versigtig en suútjies beweeg, of *verkleurmannetjie*, omdat hij die kleur van voorwerpe aanneem, waarop hij sit.

Maar ons het ook soms drie name vir een ding. Die diertjie, wat die Hollanders *Egel* noem, is bij ons *stekelvarkie* (terwyl

hierdie woord in Holl. *ijstervark* beteken), of *rolvarkie*, omdat hij hom oprol, of *krimpvarkie*, wat dieselfde beteken als oprol. Verder het ons vier name vir een ding, soos *janfrederik* (naar die uitroep van die voël wat die naam dra), *jantatera* (ook naar 'n ander geluid wat hij maak), *kuifkop* (naar die kuif op sij kop), *lemoenvoël* (omdat hij altijd in lemoenboorde aangetref word); en als dit al is, staan hij onder 'n ander naam aangetekend wat maar liewers nie in skryftaal moet opgeneem word nie. So noem ons die Hollandse *grauwe ekster*, *janfiskaal*, *fiskaal*, of *laksman* of *bontrokkie*. Baing voëls dra die naam, wat hul hulle self gegee het deur daardie geluid te maak, soos pietmaakgouw, kwëvoël, dirk-dirkie, ens. Dan het dieselfde voël ook die naam naar die geluid, wat die mannetjie maak soos *bohmakierie*, of naar die geluid wat die wijfie maak *hohwiet*.

Die name aan wild gegee is ewe toepaslik, net so aan ander diere, en vernaamlik plaasbeskrywende name in die veld, waar ieder voorwerp so juis getekend is dat dadelik die hele gedaante beskrywe staan, soos gelijkte, vlakke, plaat, laagte, kloof, berg, rant (platrant, maanhaarrant, ens.), koppie (koppie-alleen, spitskop, tafelkop, kranskop ens.), krans, kliprif, kliplijs, klipbank, gramadoela (woeste gebergtes oor 'n groot oppervlakte), bult, heuwel, rivier, spruit, watervoor, sloot, wadrif, vloer, pan, vlei, soutpan, kom, dam, waterpoel, kolk, seekoegat, nek, poort, uitspanning, spelonk, kliphuis, hoogte, afdraand, opdraand, remhoogte, seepdraai, skuinste, duikie, holte, slagkat, knikspoor, kruispad, wapad, voetpad, klipplaat, bosplaat, houtbos, bosveld, grasveld, soetveld, suurveld, ruggensveld, sandveld, kaalveld, bergveld, bossiesveld, duineveld, stoppelland, ouland, braakland, driesland en so kan ons 'n hele woordeboek vul om aan te toon hoeveel ons plattelanders bij gedra het om ons te verrijk, sonder om nog die treffende name van plante, kruipende diere en goggas daarbij te voeg.

Die plaasname het soms 'n mooie geskiedenis; b.v. toe die Voortrekkers gedink het dat Potgieter ook nes Triegard omgekom het het die laer opgebreek en weswaarts getrek: die rivier word toe Treurrivier genoem. Dog Potgieter kom daar na die vertrek aan

en rij hul in bij 'n ander rivier waar hij hulle in vreugde ontmoet. So krij die tweede rivier die naam van Blijderivier.

Hier is vir die skrywers van Afrikaans 'n kosbare les in opgesluit om naar betekenisvolle woorde en name te soek en dit als taalskat aan ons nasie te oorhandig.

Uit so 'n woordeskat val nie moeilik om die geskikste woorde te kies nie. Maar hoe moet gehandel word als ons een naam vir twee, drie voorwerpe het? In sulke gevalle moet die skrywers goed dink, weeg en wik. En tog als hij Suidafrika nie goed deurreis het nie, sal hij gewis bokke skiet sonder om kruit te gebruik.

Ons het reeds in Afdeling I geleentheid gevind om daarop te wijs dat ons Afrikaanse benaminge vir minerale (delfstoffs) baing onvolledig is. Die woord *ijsterklip* word op baing soorte klippe toegepas; net so *vuurklip*, eweso *sandklip*. In Holland, die Kaap en die noordelike Unie ieder het die woord *turf* 'n ander betekenis. Wat die Hollander "bies" noem, heet in die Boland "papkui," in Transvaal weer "polmiet;" want in Transvaal en Vrijstaat groei nie die "polmiet" of "kafferkuil" van Bergrivier, Vierentwintigrivier en Breerivier nie. So ook word die naam van katlagter gegee aan die boskruipertjie, spekvretertjie en die bont bosveld katlagters wat in klompies vlie.

Ons kan nog meer sulke voorbeelde gee, maar genoeg. En had ons nie ons Aantekeningboek in die oorlogtijd verloor nie, dan kon ons bladsije en bladsije met dergelyke name vul. Dog wat verlore is, is verlore!

Nou mag die leser vra, wat in sulke gevalle gedoen moet word? Ons antwoord is: "Niemand kan dit bij sij skrijftafel uitmaak nie, dit kom daar nie op aan hoe geleerd hy mog wees nie. *Dit is die werk van 'n Taalkongres*, en die afgevaardigdes uit die verskillende distrikte moet intijds aantekeninge van sulke gevalle maak en daarom moet hulle lank vóór die sitting van die kongres gekies word. Soos ons flussies reeds aangestip het, het die ou Genootskap dit wijslik geag om so te handel.

Als die teenstanders, of taalverraaiers die ou Genootskap, en nou die nuwe beweging, te hard aanval het hulle op die vesting

gewijs, waarin die Hollandse woordeskat tot ons beskikking is. Ons het vrije toegang tot daardie wapens om ons vijande mee te bestrij. Maar die beste vir ons is, soos bo deur voorbeelde aangetoon, om ons eie kruit en roers te maak. Want *leensug, bevorder werkloosheid.* Als ons 'n goeie woord vir "muishond" het waarom moet ons die Hollandse woord "busing" gaan leen? Waarom "kurkuma" als ons "borrie" al het? Of "voord" als ons "wa-drif" het? Of "giraf" als ons "kameelperd" het? Of "all-spice" als ons "naëlbolletjies" het? ens. Maar wat onvergewelik skijn is dat ons "wanneer" vir "wanner," "volgens" vir "vollens," "speel" vir "speul," "aan" vir "an," ens., moet skrywe. Ons praat almaal so: "Dis mar-niks." "Mar hoe praat jii nou?" en tog moet ons "maar" in plaas van "mar" skrywe. Reeds het ons dieselfde van "ook" en "oek" gesê. Waarom moet ons hier onnodig leen?

Ons sal te veel ruimte in beslag neem om aan te toon watter dieper betekenis in die woorde sit als 'n oppervlakkige spreker daarin soek. Maar ons wae dit om die betekenis van die naam "beesbijter" vir "mamba slang" te gee soos deur President Kruger en andere voortrekkers aan ons meegedeel.

Die slang is 'n boomslang en het die gewoonte om 'n span osse, wat naar die water agter mekaar in 'n voetpad loop voor in die boom af te wag. Sodra hul onder die boom deurloop, vleg hij hom om 'n tak, hang met sij voorlijf laag en bijt, dan een os na die ander dood. Vandaar die naam "beesbijter." Dog die bosveld en westelike Transvaalse kaffers noem die slang "makoppa." Die woord is van die Hollands-Afrikaanse woord "kop" afgelei, omdat die slang op hulle koppe pik als hul onder die boom deur stap. Vandaar dat 'n mens in die streke so baing plat klippe langs die voetpaaie sien lê; want die klippe het die kaffers op hulle koppe gebinde om hul teen die giftige dier te beskerm. Dus die woorde "beesbijter" en "makoppa" het 'n dieper betekenis vir ons als die suiwere soeloe-naam "mamba," waarmee die slang gewoonlik genoem word.

So het bijna ieder woord sij geskiedenis,

## HOOFSTUK VIII.

## GEBRUIK VAN VREEMDE WOORDE.

Hollands is die stamvader van Afrikaans; maar ons Natuurtonele is die moeder wat ons gedagtes in woorde help klee het. Die woorde werd gebore onder Gods vrije lug, daar op die vlaktes, wat deurkruis word deur droë en deur stromende riviere, besprinkeld met koppies, ingesluit deur bultige berge met grouwe en ook sneeuw-gepruikte koppe. Onder 'n blouwe hemel, wat afwisselend kristal is, en dan swanger met koolswart wolke, waaruit vuurstrale spat, werd ons liefde en haat, ons vreugde en smart gebore.

Nou, waarom moet ons ons woordeskat gaan verrijk met woorde wat ijskoud is en wat met ons gin meegevoel koester nie? Ons wil woorde hê wat duidelike portrette is van wat in en om ons plaas vind.

Hoe omtrent wetenskaplike woorde? word ons gevra: Daarvoor is ons taal net so geskik als Hollands en Duits. Is die woord "sterrekunde" dan nie net so verstaanbaar nie as "astronomie"? Of "godgeleerde" so goed als "theoloog"? Of "aardlaag" als "strata"? Of die woord "sterrebeeld" als "konstellasie"?

Die gebruik van vreemde woorde word in alle tale toegelaat, omdat 'n nuwigheid die mensdom so skielik verras dat hul gin tijd krij om te dink nie. Ook is in Afrikaans sodanige woorde in gebruik geneem en hulle het reeds 'n soort van vaste eiendom geword. Maar die ou Genootskap het met daardie woorde versigtig gehandel om te bewaar wat Prof. Joh. J. Smith van ons taal gesê het: "En ek volstaan met net daarop te wijs dat Afrikaans een van die suiwerste Germaanse tale is wat daar vandag bestaan."

Dr. Brill van Bloemfontein het die saak nog nader aan die

deur van die Genootskap gebring en het hom in 1910 aldus daarvoor in 'n voorlesing uitgelaat:—

“Ook ontken ik niet dat in het Afrikaans woorden worden gevonden dat het Nederlands niet kent. Ik beweer alleen dat die vreemde bestanddelen een gans onbeduidend deel van de taal uitmaken, vergeleken met het aantal woorden van zuiver Hollandse stam, die het eigenlike lichaam van de Afrikaanse taal vormen.

“Laat ons een proef nemen met een onverdacht Afrikaans tijdschrift “Ons Klijntjie,” een tijdschrift, dat door vele beschaafde Afrikaners veracht wordt als een voorvechter van het “Patriots,” een onbeschaafde, bijna barbaarse vorm van de “taal.”

“Wanneer die taal een mengelmoes was van allerlei Europese en door inboorlingen gesproken talen, dan zou men zo een mengelmoes in zulk een “verachtelik” produkt als “Ons Klijntjie” verwachten te vinden. Ik neem nu op goed geluk van dit tijdschrift de jaargang 1900 en sla bladzijde 15 op. Die bladzijde bestaat uit twee kolommen, elk van 50 regels, terwijl elke regel gemiddeld uit 9 woorden bestaat, zodat de gehele bladzijde ongeveer 1,000 woorden bevat. Als ik die bladzijde doorlees, vind ik dat van die ruim duizend woorden er slechts drie zijn, die niet van Hollandse stam zijn; of indien zij dit niet zijn, dan toch woorden die in Holland even goed gangbaar zijn als hier. Die drie woorden zijn; *baing* van Maleise oorsprong, *manel* van Maleise oorsprong en *mastie*, een Engelse naam van een bijzonder soort van honden.

“Ik neem weer, even op goed geluk, het Mei-nummer van het jaar 1905, pagina 12, een bladzijde die ook over de 1,000 woorden bevat, en vind daar onder de duizend weer drie die niet van Hollandse stam zijn n.l. *hastá*, of *hastig*, dat waarschijnlijk van Maleise oorsprong is, en de als Afrikaanse geschreven Engelse woorden *seur* i.e. *Sir* en *jaarts* i.e. *yards*; maar waarom voor die laatste niet het Afrikaanse *tree* gebruikt is, is mij niet duidelijk.

“Nog een laatste proef. Ik sla op pagina 28 van het Februarie nummer 1904, en op die bladzijde ontdek ik alleen de

woorden affaire en objeksies; maar die woorde word in Holland ook en dikwels, gebruik en kunnen dus wel als Hollandse woorde beskou word. Hier is dus een bladzijde die 1000 Afrikaanse woorde bevat en daaronder is er geen enkel, dat niet zuiver Hollands is."

Ons sal hier 'n uitleg gee, hoekom Dr. Brill so min vreemde woorde in die geskrifte van die Genootskap aangetref het: Die Genootskap het van Luther se beginsel uitgegaan om nie jou eie taal uit die letter van 'n vreemde taal te gaan leer nie. Hulle het vreemde woorde onder drie soorte gerangskik:—

1e. Woorde waarvoor nog gin gepaste Hollandse en Afrikaanse benaminge bestaan nie soos, telegraaf, kabelgram, elektrisiteit ens. Sulke woorde word gebruik.

2e. Vreemde woorde waarvoor wel Hollandse en Afrikaanse gelijkbetekkende woorde bestaan; maar wat reeds diep in die spreektaal ingewortel is—vernaamlik in samegestelde woorde waar hul die voorkeur bo die Germaanse woord kry soos produkte (produktemark), masien (dorsmasien), kollekte (kerkkollekte), present (trouw present). So ook word gepraat van konsiensie en gewete, van dokter en geneesheer, van medesijne en geneesmiddels ens.

3e. Vreemde woorde, wat ons reeds met die naam van *taal-kriekies* bestempel het—ons hoor hulle geluid, maar weet nie waar die vergalste goedjies sit nie—dis te sê: die van ons wat nie Latijn en Grieks ken nie; of nog beter gesê: wat nie Engels ken nie. Want hoe ons skrywers, wat die Franse woorde gebruik, ook al links en regs wil redeneer, hulle sal moet erken dat hul die betekenis van satisfaksie, energie, affiliasie, anglicisme, pessimisme nie in die Franse of Latijnse taal die eerste geleer het nie, maar wel in die Engelse taal. Deur valse skaamte sal baing hierdie feit nie wil erken nie; maar in hulle hart sal hul dit moet belij; want Frans het hulle nie geleer nie om die Latijn en Grieks naar Franse wijze te draai en kronkel nie—vernaamlik wat die uitgang of agterstertjie van die woorde betref.

Een van die opgevoede plattelanders vra ons een dag: "Ons, hier buite die verligte beskawing, kan woorde vir vreemde goed-

ters krij, hoekom sukkel die geleerdes sodanig baing om 'n verstaanbare woord te smee. Ons koop 'n "disc-plough"; maar als ons hom bekijk, dan is hij maar 'n "skottel-ploeg." Ons vrouwens het hul in "konsentrasie" kampe opgesluit; maar ons gaan ons vrouwe in die "vrouwe"-kampe soek. Daar het hulle "corn beef" gekrij, wat niks anders als "blikkies vleis" is, hulle "gekondenseerde" melk is niks anders als "blikkies melk." Man, ons sukkel nie, 'n "commercial traveller" is gouw bij ons 'n "lappiesmous" en 'n "hawker" 'n "bondeldraer." En dan, ons woon ver van mekaar en die geleerdes op 'n hoop, en tog ons woorde gaan gemaklik deur die hele land en hulle hoë woorde kom nie verder als die blaaie van die boek waarop hulle geskrijwe is nie.

Die publiek haat vreemde woorde als die pes. Met die Generale Opmetings-wet het die Transvaalse Volksraad bij besluit ons persoonlik gelas om 'n uitleg van die vreemde woorde soos "geodeties" "trigonometries" ens. tussen hakies in die wet te las.

Die boere bevolking het gevra of die deskundiges (eksperte) die "Landbou Journaal" vir geleerdes in ander lande geskrijwe het.

En hoor wat mevr. Isabella Grobler van Carolina te Piet Retief in verband met Huis-Industrie gesê het: "Ons huistaal moet ons suiwer hou en die slegte gewoonte om soveel Engelse woorde tussen in te gebruik vermij. Want ons taal is rijk genoeg aan woorde dat ons nie nodig het om altijd Engelse en vreemde woorde te gebruik nie." En mevr. Grobler is 'n moeder, wat hard werk in belang van haar volk en land.

Na ons die opvatting van die ou Genootskap verklaar en duidelik gemaak het, en baing aandag daaraan geskenk het, kom ons nou op die kreet, wat so baing in ons dae gehoor word: "Ons moet ons selwe blij! Ons moet ons ontwikkel naar ons aard en opvatting! Ons moet 'n eie kultuur ontwikkel!" Wel, als ons hierdie navolgingswaardige voornemens op 'n uithangbord voor ons werkwinkels plaas, dan moet dit nie alleen bij die voordeur nie, maar ook bij die agterdeur gehang word. Wat

buite teen die muur te lees staan, moet binne in die werkwinkels verrig word.

Die drukpers is grootliks verantwoordelik vir die baie vreemde woorde, wat in die skryftaal insluip, daar hulle die eerstes is om die uitvindings van nuwigheide aan te kondig en nie lus het, of die reg wil toe-eien om daarvoor nuwe name te gee. Maar tog, dit word soms deur 'n skrandere redakteur gedoen en dan skijn dit of die nuwe naam die voorwerp vir altyd aankleef. So b.v. noem die plattelanders die gramafoon 'n praamasien en sodra die koerante die naam goed vind en gebruik, word dit 'n algemene naam. Maar daar is baie vreemde woorde wat miskien nooit in die spreektaal sal opgeneem word nie en dit sal met hulle net so gaan as wat Jakhals aan Wolf gesê het: "Nee, hij is nie mens nie; *maar moet dit nog word.*" Om sulke neutkrakers te gebruik is nutteloos en verslap belangstelling in wat gelees word.

En als ons die afleiding van die woorde uit Griekse en Latijnse oorsprong ondersoek, dan moet ons tot die oortuiging kom dat hul van heel eenvoudige woorde uit daardie tale saamgesteld is. Net so kan ons met ons taal handel.

Waar moet ons die lijn tussen vreemde woorde trek nl. tussen die wat in gebruik is en wat nog in gebruik moet geneem word? Wie sijn taal grondig ken, ken ook die woorde wat in die spreektaal voorkom; en ken hij dit nie, dan was die raad van die ou Genootskap als iemand verplig is sig daarmee te bedien: "Goed gedaan! maar pas op!—nie te veel gebruik maak nie!"

Die skrywer moet dink en nogmaals dink en slaag hij nie in sijn poging om die regte woord te vind nie, dan het hij tog veel gewen. Want daardie gesnuffel naar woorde, het sijn eie woordeskat verrijk.

## HOOFSTUK IX.

## DIE GENOOTSKAP EN HOLLANDS.

Nou, in hierdie dae word groot tevredenheid te kenne gegee oor die snelle vordering wat Afrikaans in die laaste jare gemaak het; maar dieselfde kan ook van Hollands gesê word. In ons kinder-jare had Hollands nie die vrijheid op skole geniet nie; nog minder op publieke kantore, of geregshowe, of in die parlement. Hollands het darem die kerktal gebly; maar hoe? Dit blyk uit die sitting van die sinode van 1880, waarin 22 predikante en ouderlinge teen Hollands in die parlement gestem het. So halfhartig als sommige predikante was, so klip-hard het ander weer daarvoor geveg, soals blyk uit die notule van daardie sitting.

Met die snelle voortgang van hierdie twee verwante tale is dit heilig te begryp dat die minder ontwikkelde skryftaal groteliks deur die ontwikkelde sal beïnvloed word. Dit blyk al dadelik uit die voortbrengsels van die nuwe beweging, wat heel geneë is om egte Afrikaanse uitdrukkings prijs te gee vir die van Hollands—vernaamlik deur skrywers wat in Hollands en in Holland gestudeer het. Hulle merk dit nie meer nie; maar ander wat nie so deur Hollandse invloed verlok is nie, merk dit. “Dit doen gin kwaad nie; maar veredel (?) ons Afrikaans” word teengewerp. 'n Taal kan nie *veredel* word nie, maar wel *verknoei* deur hom van sij eie karakter te beroof.

Wanneer ons oor die neiging om Afrikaans te verhollands praat, dan bedoel ons nie daarmee dat dit algemeen is nie. So vind ons die bijdrae van Ds. W. Postma aan “Die Brandwag” van 15 Feb. 1912 in suiwer Afrikaanse stijl geskrywe. En let maar op, hoe behendig hij die vreemde woorde tussen hakies weet te vertolk. Waar vind 'n mens 'n suiwerder Afrikaanse stuk als die van “Sierie” soos gepubliseer in “De

Huisgenoot" van November 1917 onder die hoof "Uit die Grasvelde?"

Maar dan was ons bij, toe stukke oor die 400-jarige Hervormings Fees gelees werd, dat een van die toehoorders aanmerk: "Ja, die stuk gaan onder die naam van Afrikaans deur; maar ek verstaan nie al die woorde wat daarin gebruik word nie—die geleerdes, wat al die woorde ken, ken ook die hele geskiedenis; dus ons, vir wie geskrywe is, verstaan dit maar half." So ver het sommige Afrikaans dus veredel (?) dat sommige van ons welgestelde Afrikaners nie alles kan verstaan nie.

Die teenstanders van Afrikaans het altijd 'n bombarie opgeskop dat die ou Genootskap teen Hollands was, en dit op die kanon wou laai om dit oor die see te skiet. Maar nooit kon hul die bewering staaf nie. Wat die Genootskap gesê en beweert het, is dit:

"Ons Genootskap is nie teen die Hollandse taal nie, soos partij van ons vijande geseg het; maar ons het die onmoontlikheid ingesien om die Hollandse taal in Suidafrika te herstel."

Om Hollands in Suidafrika te herstel, werd reeds jare tevore vrugtelos deur Dr. Changuion beproef. Met alle mag het hij dit aangepak in sij instituut: "Nut van het Algemeen."

Die Genootskap het ingesien dat, wat taal betref, Afrikaans die enigste redmiddel van ons volk sal wees. Met Afrikaans in geskrif het hul tot die harte van die volk gepraat. Maar hulle was ook vas daarvan oortuig dat hul deur Hollands nog aan die gang te hou hulle eie saak daardeur sal versterk.

So het Oom Daantjie van den Heever, een van die moedigste strijers vir Afrikaans, die Boere Vereniging van Albert opgerig. Wel, als die Paarl die Mekka van Afrikanerdom kan genoem word, dan is Albert seker die Medina daarvan. In Albert werd die eerste petitiesies om Hollands in die parlement te krij opgetrek, terwijl die "Patriot" onderwijl die saak altijd hard bepleit het—voor en gedurende die tekening van die versoekskrif in 1879. Die parlement het daarop besluit, dat dit maar een distrik is wat daarom versoek en dat dit dus nie kon toegestaan word om die Grondwet van die Kaap in die voeë te laat verander

nie. Dog die poging was nie 'n teenslag nie. Dit het slapende honde wakker gemaak, en ook die gevele van die parlamentslede daaromtrent het aan die daglig gekom.

Die setel van die Boere Vereniging was te Burgersdorp gevestig. Mnr. A. S. du Plessis, ook 'n ondersteuner van die Afrikaanse Taalbeweging, skrywe als volg:

“ Later werd nog vier ander artikels bijgevoeg, waarvan een di besluit bevat het om di Parlement te petisioneer om Hollands in di Huis toe te laat. Di program werd in di tijd goedgegunstig deur di “ Patriot ” opgeneem, wat dit op manmoedige wijze teen laster en beskimping verdedig het.”

In 1880 bemoei die Kaapse Sinode hul met die saak. Onderwyl was Oom Daantjie heel bedriewig in Albert en die “ Patriot ” steun hom in geskrif. Dit was in hierdie sinodesitting waar die 22 predikante teen Hollands in die parlement gestem het. Egter, die meerderheid was daarvoor, en hulle stel 'n kommissie aan om die memories op te trek. En niemand anders als Ds. S. J. du Toit werd tot die gewigtige betrekking als sekretaris en lid van daardie kommissie aangestel nie. Dus het die sinode goed geweet wie die gewenste persoon is, en ook dat die ou Genootskap die gewenste partij is om die petiesies te versprei en te laat onderteken; want dit werd aan die sekretaris opgedra om dit te doen. En als die Genootskap teen Hollands was, sou Ds. du Toit so 'n benoeming sig nie laat welgeval het nie. En wat nog meer treffend was; die sinode was soos gif teen Afrikaans en die “ Patriot ” en het mos die duisende boekies teen die “ Patriot ” laat versprei. Maar in hierdie saak het hul geweet om nie naar die *Hollandse* koerante, maar wel naar 'n *Afrikaanse* koerant te gaan.

Wat waar is, is waar: Mnr. Jan Hofmeyr (Onse Jan) het soos 'n leeuw vir die petesie in die parlement geveg en alle sukses vir die deurgaang is aan hom groteliks te wijte en daarvoor het hij die dank van ons volk ontvang en ook van die “ Patriot.”

Laat ons 'n kikkie in die parlement neem om te verneem in hoever hulle die “ Patriot ” verdag en verantwoordelik gehou

het. Ons sal maar 'n paar aansprake aanhaal (dit sal te veel ruimte in beslag neem om naar al die toesprake te verwys).

Mnr. Rhodes durf sê: "Dat hij, voordat hij de zaak wilde zien uitmaken eerst verlangt te weten dat de *fatsoenlike* Hollandssprekende bevolking voor de zaak was; want daarvan had hij geen bewijs gezien, bepaald niet in de petitie." Hoe moes die lede van die sinode en andere parlamentslede gevoel het? sonder eens van die 6,000 ander naamtekening melding te maak. Dit adem uit die gees, wat in daardie dae die vijand van Afrikaans en Hollands besiel het; daarom was daar in die tijd soveel halfhartige Afrikaners van die "can't speak Dutch" soort. Want net alleen Engels kan *fatsoenlik* en *beskaaf* maak—nie noodwendig agter die bak nie.

Mnr. J. Barry het nie geskroom om hom als volg uit te druk nie: "Dat de Patriot de petitie op touw gezet had (mnr. Marais: Neen). Hij was 'n Kapenaar en was er trots op; maar hij zou zich niet door de Patriot laten gezeggen."

Mnr. Hofmeyr sien toe waarheen dingé loop en antwoord als volg: "Dat de zaak der petitie was uitgegaan van de leden eener kommissie der N. G. Synode, en dat Ds. S. J. du Toit zich met de verspreiding belast had. Deze had naar het schein, zich van de dienste van zijn broeder, van de Patriot bediend, die al de petitie had rond gezonden, als kwamen zij van het kantoor van dat blad."

Onse Jan het aanhou veg en sij man teen die aanvalle gestaan, tot hij sij sin in 1882 deurgekrij het.

Die feit dat die "Patriot" die petiesies deur hulle eie agente en op eie koste laat versprei het, toon al dadelik aan wie die hitte van die dag gedra het. Die kerk kon dit net so goed deur middel van die kerkraadslede laat doen het. Ook dit was in die aard van die Genootskap: als hul hulle hand aan iets gesit het, dan drijwe hul dit met moed deur; want hulle het gereken: als iets werd is om te doen, doen dit goed; maar als dit nie werd is om te doen nie—laat staan!

Die "Patriot" van 13 Jan. 1882 verklaar sij posiesie aldus:

“ En selfs die beweging ten gunste van Hollands het sij ontstaan direk en indirek aan die Afrikaanse Taalbeweging te dank, al het die laatste ook slegs “stank vir dank” daarvoor als wêreldsloun ontvang.”

Wat die indirekte invloed was, is dit, om die Hollandsgesinde hard vir Hollands te laat ijwer—al was dit net maar om Afrikaans teen te werk—en in die wiele te rij.

'n Ander sterk bewijs, dat die lede van die Genootskap direk meegewerk het om Hollands te bevorder, is gelewer uit die feit dat al die leiers van die Afrikaanse Taalbeweging ook lede was van die Hollandse beweging. Merk op die aandeel, wat mnr. C. P. Hoogenhout in die redaksie van “Het Zuid Afrikaansche Tijdschrift” geneem het. Ds. S. J. du Toit was voorsitter en Dr. Jozias Hoffman, ook een van die ijwerigste lede van die ou Genootskap, was sekretaris van die Paarlse tak. Die allereerste Taalbond Eksamen werd deur die Paarl en Wellington takke uitgeskrywe.

En nog 'n ander bewijs dat die ou Genootskap Hollands bevorder het, is dat hul tot 1909 nie minder als 93,650 Hollandse, teenoor 81,000 Afrikaanse boeke in hulle drukkerij (D. F. du Toit & Ko.) gedruk het.

## HOOFSTUK X.

## DIE GENOOTSKAP EN ENGELS.

Bij al die beskuldiging, wat die ou Genootskap moes aanhoor, was nog dit dat hulle so bitter teen Engels was. Ofskoon daar gin voorliefde bij die lede bestaan het om Engels tot in die wolke te verhef nie, was die beskuldiging enigssins oordrijwe. Nooit egter was dit in die programma van die ou Genootskap om die bloei van Engels in Suidafrika te bevorder nie: want die taal had reeds genoeg steun van Regering en Parlement.

Bij die oorgawe van die Kaap aan die Engelse, was daar 'n bepaling neergelê dat Hollands gelijke regte sou behou. Maar dit het nouweliks twintig jaar geduur of Hollands had minder voorregte op skool als Latijn en Grieks. Hierdie feit het die strijd om verlore regte herstel te krij gehelp.

Toe Hollands in 1882 gelijke regte in die parlement verkrij het, toe was reeds veel gewen. Want nou kon Afrikaners vir die Volksraad gekies word, wat nie in staat was sig in Engels uit te druk nie. Maar hulle was in ieder geval daar om oor Afrikaanse aangeleenthede te waak, en van toe af het sake ook 'n beter wending in ons land geneem.

Dat Engels 'n gevaarlike mededinger teen Hollands en Afrikaans is, blijk uit onderstaande beskouinge:

1e. Dit is 'n maklike taal om te leer en die nasie, wat dit spreek, is baing behoudend en vas aan ou beginsels—van daar hulle ingewikkelde wijze van spelling en verdeling van mate, gewigte en geld. Hullê is stijfhoofdig om 'n vreemde taal aan te leer en gaan in baing gevalle so ver om hulle kinders ten strengste te verbied 'n ander taal, als Engels, te leer—menende dat iemand hoog beskaafd kan wees, al ken hij maar net Engels alleen. Hul verfoei ander, wat "Dutch" aangeleer het. Die Afrikaner is in algemeen hierdie sienswijse van eentaligheid nie

toegedaan nie en beroem sig daarop als hij goed Engels kan praat, en hoe meer tale daarbij hoe mooier. Die gevolg is dat Afrikaners meestal Engels met Engelse spreek, en die gedurig Engels spreek oefen, hoe ongemerk ook, invloed op sij spreek- en skryftaal uit.

2e. Die voertaal van Onderwijs was vroeër alles Engels. Dus, die bietjie Hollands (nou Afrikaans, dank sij die vurige ijwer van adv. Langenhoven) wat 'n kind op skool leer, word so lig deur die Engels als onderwijstaal oorskaduwee. Die invloed van onderwijs is soos lampolie—alles ruik en smaak daarnaar. Dan, moenie vergeet word nie, dat die regtige vaste studie plaas vind deur middel van Engels, waardeur 'n leerling, of student, verhinder word om sig in sij eie taal te leer uit te druk. En dit sê baing, en die bewijs daarvan is, dat diegene, wat net uitsluitend Engels geleer het nie goed en suiwer sij gedagte in sij eie taal kan verklank nie—vandaar die slegte gewoonte om sij spreektaal, ook sij skryftaal, met so baing Engelse woorde en sinne te verbrouw—iets wat 'n Engelsman nooit sal doen nie. En dit skijn, dat ons die taalbrouwers nie wil glo nie als hulle sê: “Ek weet nie wat die Afrikaans daarvoor is nie.” Hij spreek die waarheid: hij het nooit in Afrikaans leer dink nie. Ons wens dat ons soveel ponde in ons beurs het, als die kere wat ons onderwyser ons gesê het: “Mij jongens, julle moet trag om in Engels te droom.” Dit was 'n vreugde eens in die skool toe 'n jongetjie sij Engelse droom aan die onderwyser en klas verhaal. En daar was baing wat hom benij het en amper kon sê soos die ou Hotnot aan die dronke, “ei, waarom het ek nie jouw lijf nie” om ook Engels te kan droom.

3e. Die Engelse beskawing met sij uitgebreide en goedkoop litteratuur oefen groot invloed uit wat voedsel verskaf vanaf “Tit Bits” tot Shakespeare se werke. Hulle beskik oor wêreldberoemde skrywers en vertalings uit ander tale. Terwijl goeie Hollandse boeke eertijds nie te krij was nie; en wat te krij was, was bitter duur en val nie in die smaak nie van die klas van lesers wat so gewoon aan Engelse leesstof was. Om die waarheid te sê: die Afrikaner moet leer om Hollandse boeke te waar-

deer; want hij vind die te omslagtig—hij is te gewoon om baing te sê in min woorde. Daarom hoor ons nog dageliks die aanmerking: “Waarom moet die slim mense so danig omslagtig iets neer skrywe?”

4e. Engelse nijwerheid. Om nie in alle besonderhede te tree nie, laat ons net ons treine en spele (sports) neem. In algemeen word gepraat van “carriage” in plaas van passisierswa, van “truck” (goederewa), “rails” (stawe), “sleepers” (dwarslêërs), “points” (wissels) ens. ens. Sommige woorde het ons letterlik vertaal uit die Engels, soos “stasie-meester,” aan enkele woorde is ons nog besig om te vertaal soos “enjin-drijwer.” Kijk, als daar iets is, wat ons kompas laat stilstaan, dan is dit die reënbui van Engelse woorde wat langs die spoorweglijn gehoor word en waarvoor ons nog nie Afrikaanse woorde het nie. Die Hollanders kan ons in die meeste gevalle ook nie help nie—hulle peuter weer op met Frans, soos chef (stasiemeester) perron (stasiestoep), coupe (sitvertrek), rangeeren (regstoot) ens. ens. Maar tog Hollands het ons gehelp met “goedere-loods” vir “goodshed” en baing van die bogenoemde vertalings.

Wat sal ons nog verder die leser met benaminge in verskillende spele (sports) vermoei?

Dan is daar nog ons mijnwese en fabriek ens.?

5e. Die Engelse handel. Al die goed word uit Engeland deur Engelse skepe geland en wel met groot Engelse name daarop. Loop staan maar in 'n winkel en luister naar wat ter koop aangebied word—vernaamlik als vrouens met inkoop van klere besig is. Hierin, wat Afrikaanse name betref, klop ons plattelandse vrouens die dorplinge uit. Eers was dit 'n “*lijfje*” nou is dit 'n “*blouse*.” Vroeër was dit 'n “*romp*” nou is dit 'n “*skirt*.” Hoor 'n mens in die dorpe nog van “*gempies*,” “*slijtband*” en “*lint*” praat? Die boer sê aan die winkelier: “Julle moet julle ploë Afrikaanse name gee, ons kom nie met die Engelse benaminge klaar nie.” Nou hoor ons van *Klein-trekker*, *Groot-trekker*, *Baas-trekker* ploë. Bring hij die ploeg thuis, dan het hij gow vir ieder deeltjie 'n naam, soos *Duwveldevoor*, *Drievoor*, *Enkeleploeg*, ook van *rijsterplank*, *baard*, *hoef*, *spij*, *leuensriem* ens. Sij “*cultivator*” ken hij als *Skoffelploeg*.

En so sukkel hij tog nie met 'n vreemde naam nie. Ook sij wa ken hij haarfijn. Maar doen die dorpsmense ingelyks met die werktuie en gereedskappe, waarmee hulle werk? Waarom nie? En dan sê hulle nog: "Die Boere is maar dom!" Baing van ons mense sukkel nog met die Engelse woord "lever," wat die Hollanders "hefboom" noem; wel buite hoor ons van "hefboom," "ligterhout," "ligterarm" praat. Bij 'n ploeg of ander werktuig word dit ook "stelarm" genoem. Ons haal net hierdie woorde aan om aan te toon dat ons Afrikaanse Taal uit sij eie boesem verriek kan word sonder naar die ander tale te hol en te sê: "Ons het nie 'n woord in Afrikaans daarvoor nie." Andere redeneer weer so: "Ons kannie daarteen veg nie: Engels is eenmaal die aangenome handelstaal in Suidafrika en ons moet maar daaronder buie." Dis gemaksug hierdie, van mense wat so praat, en die vraag is: in hoe ver is hulle gewillig om mee te help om ons volk op ons eie grondslag te ontwikkel?

Net so word geredeneer omtrent Hollands: "Ons het eenmaal die Hollandse woordeskat tot ons beskikking, ons kan maar emmers vol daarvan wegdra; want dit verarm die Hollanders tog nie." Maar let wel, ons Afrikaanse skeppings is vir ons begrip verstaanbaarder. Neem b.v. bo aangehaalde *hefboom* en *ligterhout* of *stelarm*, oorwee dit en vra self wat vir jou, leser, verstaanbaarder is: om 'n gewig met 'n "boom" op te "hef" of met 'n stuk "hout" op te "lig"; of iets met 'n "arm" reg te "stel"?

Ons sal nou afbreek om die leser se geduld nie verder te vermoei nie. Ons het bo getrag die beskouinge van die Genootskap oor hierdie saak uit een te sit en hierin lê die geheim dat Dr. Brill so min vreemde woorde in "Ons Klijntjie" kon ontdek. Ons dring nie die sienswijse en beskouinge van die Eerste Skrywers aan ander op nie; dog ons vra net: Probeer óp julle eie manier om ons taal uit sij eie boesem te verriek en op te bouw! So lei ons van die woord "dood" af: Die vuur is dood, bij die dood omgedraai, mors-dood, doodskrik, doodstil, doodvrijwe, doodblaas, doodkrap, dooierig, doodrijp, doodsit, dooie-mansdeur, dooie-mansreen ens. almaal betekenis wat in Hollands nie bestaan nie.

## HOOFSTUK XI.

## DIE GENOOTSKAP EN MALEIS-PORTUGEES.

Als ons saands, na ons die woelige werkure van die dag agter die rug het, daar ver in die veld langs 'n flikkerende vuur op ons sij lê, of op 'n omgevalle boomstomp hurk, of sit aan die gesellige lange eettafel, of genestel is teen die kamermure met ellemboë op ons gemakstoel, dan hoor ons soms hoe die ou mense ons van die vervloë tije vertel. Ieder landstreek van ons suideweg het sy gebeurtenisse wat daar vroeër afgespeel is.

So vertel die ou Transvalers van die Groot Trek van 1836 en hoe hul reeds in 1837 met die keurbendes van Moselekaats moes veg; hoe Retief en sy dappere in 1838 die vrijheid van hulle volk met hulle bloed moes verseël; hoe die Transvalers gedurig in strijd met inboorlinge en ongediertes gewikkel was en hoe hulle groot wild en leeuws in die jagveld met hulle sannas en sterlope neergevel het. Die Vrijstraters, ingelyks, het baing te vertel van die Groot Trek, die onderhandelinge met Waterboer, Adam Kok en Filander, van oorloë met Moshes en Baralongs. Die Karroo, Koup, Hantam, Namakwaland se boere vertel weer van grillige avonture met Boesmans en ongediertes. Die oostelike grensbewoners het veel te verhaal van die kaffer oorloë met die Rooi kaffers (Amakosas en Gaikas), van Krelie, Sandillie en Makomo.

Die oudste Bolanders van 'n vijftig jaar gelede kan sig nog baing te binne bring van wat hul van hulle ou mense van die Hollandse Tijd gehoor het. En ook wat hulle self ooggetuie van was, soos van die laaste dae van die Hollandse bewind, van slawe, van hulle outa's en ou aia's.

Twee tydperke is ons vas op die harte gebind nl. die Groot Trek en die Hollandse Bewind in Suidafrika. Skeur die blaai daarvan uit ons geskiedenis uit, dan is die ander deel soos 'n

moeder, beroofd van haar kinders. Ons wil daarvan nie een kummeltjie verloor nie. Dink die slawe weg uit die Hollandse Tijd. Wie stel ons dan in hulle plek om die tuine, boorde en landerije van die ou koloniste, ons voorouers, te bewerk? Wie anders sou die arbeiders gewees het om die ou kaapse gebouwe op te rig? Onder hulle was skelms en drosters, daarom hoor ons nou nog in ons dae van drostergate, skelmgate, drostervuutrjies. Maar ons het ook tere christene en reine harte onder hulle geken. En dan is daar 'n onomstootbare feit waarmee ons rekening moet hou en dit is, dat ons slawe—veral die Maleise—meer aan ons huishouding verbinde was als in enig ander deel van die wêreld. Ons aia's had vir ons kinders bijna net so 'n tere hart gehad als vir hulle eie kinders. En hulle het meestal in ons lief en leed gedeel.

En ter gedagtenis van die trouwe skepsels, wat onder ons nie volle vrijheid mog smaak nie, en ons tog trouw gediën het, laat ons die 100 of meer Maleise woorde in waarde hou; want verban ons die woorde uit ons taal, dan verlies ons gevoel en moet in hulle plaas woorde stel, wat dof in ons harte klink.

Met aanhaling van bostaande feite en indrukke, het ons hier bloot gelê waarom die ou Genootskap so 'n swak had vir Maleis-Portugese woorde. Dit het hul teruggevoer naar die eerste dae, toe ons voorouers met hulle slawe voet aan wal gesit het om die maagdelike bodem (driesgrond) van die nuwe besitting te bewerk. Toe begin die mans om huise te bouw, wat vandag nog net so goed is als toe, om bosse uit te roei om dit te vervang deur nuttige gewasse.

In die namiddag sit die Maleise koetsier met sij wije broek, lang onderbaadjie gekleurde hals doek en spits katoeding-hoed op die rijtuig voor die woonhuis te wag vir sij baas en nôi om hulle naar 'n buurman te vervoer.

Die vrouw is gedurende die dag met haar slavinne besig huiswerk te verrig. Die skoorsteenrook ruik maar die heerlike kerries en rijs, sosaties, tasaal, bobotie en pienang. Op die gedekte eettafel ontbreek nie atjar, bladjang en agurkies nie. Sondags is die dag van geelrijs (borrie rijs), ook word uie-sambal, of

komkommer-sambal onder die lekkernije gereken. En waar is nog die makrolle, soesies en kollewijntjies, wat als koekies rond gegee word?

Omstreeks drie uur in die namiddag, dan begin koppies en pieringkies te raas; want tee-skintyd is nabij. Daarop stap die slamse motjies met hulle kaparrings (houtskoene wat tussen die tone vasgekniip word) binne, gevolg deur die jong slavinne netjies en skoontjies aangetrek met geel, blou, of ander gekleurde sijdoeke los oor hulle hoofde gebind. Hulle gestijfde rokke staan wyd om die lijf en hulle halse is ook met sij doeke bedek. Op stowe en bankies gaan hul in die groot eetkamer teen die muur sit om naaiwerk te verrig. Daar is een of twee memmes om hulle te onderrig en die nôi kom ieder maal die handwerk ondersoek, of dit wel netjies genoeg naar haar sin is, so nie moet stekie vir stekie met die naald los getrek word—van lostorring met 'n mes was gin sprake nie.

In die werk dra die slamse volk gewoonlyke kofias (hoed sonder rand) in plaas van hoede en vir 'n baadjie had hul 'n pistroentjie. Die priester dra om sij kofia 'n tulban, wat bestaan uit 'n lang smal stuk linne wat in 'n rol gewoel is en dra verder lang kabaaië oor hulle klere. Baing van die slamse het christene geword; dan word hulle sarannie's genoem.

Na die vrijwording van die slawe het die Maleiers hulle meestal in Kaapstad en langs die see-kus gevestig en het sig met visserije onderhou. Ander het sig in Stellenbosch en die Paarl gevestig, sodat hulle nou op die boerplase gemis word.

Maar die jong geslag, wat nou die ou slawevolke moet verteenwoordig, het hulle oosterse gewoontes prijs gegee vir die nuwe modes van die Europeane. En was dit nie vir die rooi kofia's wat hulle nou nog dra nie, dan sou iemand nie 'n slamse jong meer herken nie.

Hierdie feit pleit nog sterker dat ons die herinneringe van ons voorgeslag, en hulle slawe, moet bewaar, dat ons die weinige woorde aan Maleis-Portugees ontleend als goud in ons taalskat behou. Maar tog nie meer nuwes opneem nie.

Watter invloed Maleis-Portugees op die ontstaan van Afrikaans gehad het, werd nooit, so ver ons en 'n paar ander lede van die Genootskap bekend, deur die Genootskap oorweë nie. Hulle het slegs getrag om die weinige woorde, wat sig in Afrikaans ingelijf het, te beskerm en te behou. Dat die taal hier en daar nog in latere jare van die Hollandse Bewind in die onmiddelijke nabijheid van Kaapstad werd gebruik, lei gin twijfel nie, want ons het ons eie oupa nog die taal hoor praat, *wat hij van sij slawe geleer het.*

Vir verdere besonderhede hieromtrent verwijs ons naar Afdeling III van hierdie boek en ook naar "Die Brandwag" van Oktober 1917.

---

## HOOFSTUK XII.

### DIE GENOOTSAP TEENOOR PLATTAAL EN SPOTTAAL.

Daar is nog 'n ander beskuldiging, waarmee die ou Genootskap bepleister word, naamlik dat hulle soms te plattaal geskrywe het. Ons ontken dit namens die lede. Daar het wel soms stukke in die "Patriot" verskijn, wat van 'n laer gehalte was, en die rede daarvoor sal duidelik word deur ons verder te volg.

Die Genootskap het van hierdie standpunt uitgegaan, dat alle woorde, wat in dieselfde sin in die fatsoenlikste geselskappe gebruik word, nie als plattaal kan beskou word nie. Ook is 'n word nie noodwendig plat, omdat dit in sekere gevalle nie mag gebruik word nie. So is die woorde *fij, jou, jouw, sij* en *hij* nie plat, omdat 'n kind sij ouers daarmee nie mag aanspreek nie—hij mag se (sijne, hare) teenoor hulle gebruik. Dus hij mag sê: "Pa, ma sê, pa moet ma se sker bring en ook pa se mes."

Daar was in die eerste dae van die Taalbeweging seker persone wat hul met 'n lae, plat en barbaarse vorm van Afrikaans bedien het. Die oogmerk was om aandag te trek en om snaaks te wees. Sommige het dit nogal tamelik reggekrij; want die gebruik van plattaal is nes 'n verfkwas—in die hand van 'n kunstenaar werk hij wonders, dog in die hand van 'n onhandige besmeer hij alles. So was dit ook hier, daarom was sommige platskrywers baing laf en walgelik.

Die vijandiggesinde platskrywers het met opset so laag gedaal als moontlik, en het daardie bijdrae naar 'n onvrindelik-gesinde blad gestuur, wat maar te gretig was om soiets op te neem en wêreldkundig te maak: “Dit is nou die taal, wat die “Patriot” skrijwe, en waarin hul die Bijbel wil vertaal.” En om verder die kroon van veragting daarop te druk, noem hul sulke lae produk “patriots” of geheelenal “patterjots.” Dus, als iemand hierdie benaming hoor, of geskrijwe sien, weet maar, dis die ou swartbok, wat regop in die donker op sij agterpote stap om mense die skrik op die lijf te ja, en glo ons, baing, baing het hij van die regte koers afgekrij. Meer besadigde persone het dit tereg *Spottaal* genoem, omdat dit die wapen van die teenpartij was om teenstand aan te wakker. Maar genoeg.

Ons Afrikaanse Plattaal is erg karaktersketsend. Baing word met weinige woorde gesê en dra dus die ware kentekens van fijn vernuf (humor). Uit ondergenoemde aanhalings sal helder blijk, dat ieder gesegde 'n duidelike skilderij, 'n uitstaande beeld is, wat gin onderskrif nodig het om die mening van die skilder of beeldhouwer te vertolk nie. Soos b.v.: “Hij loop jakhalsdraaie” (ons weet hoe fijn Jakhals om 'n bos kan swink om honde op 'n ander te stuur). “Hij het sij druiwesop teengekom” (wetende wie druiwesop in het, is onmagtig). “Die ou storie is holrug, of bakrug gerij (want 'n perd gedurig met 'n swaar ruitersop sij rug, krij 'n bakrug). “Hij het sij pijpsteel gebreek” (watter teleurstelling is dit nie vir 'n roker nie). “Dis bo mij jakhals” (selfs jakhals met sij fijn planne sal ook vind dat sij kompas hier stilstaan). “Ek het mij speeklos gesukkel” ('n wiel, wat regtig speeklos is, lijk baing moeg). “Ek sal hom

werk, dat hij sij ma vir 'n eendvoël aansien" (meer verwar kan 'n mens tog nie raak nie). "Glo mij, dit het broekskeur gegaan" (dink maar aan 'n geveg met honde wat iemand van agter en van vóór aanpak). "Hij is 'n aslêër" (dink maar aan 'n kat wat gedurig in die as op die vuurert lê en wat van sij muisvangerij word). "Hij is 'n semelknoper" (stel voor 'n sukkelaar, wat niks regkrij, net so min als hij semels aanmekaar kan knoop). "Jou opgeblaaide Donderdag, of Vrijdag padda" (ons almaal weet hoe verspot boekbuikerig die klein skurf paddatjies daaruit sien). "Laat hom staan, hij kan sij eie twak kerwe" (niemand mag rook nie of hij moet volmondig wees). "Jij moet in jouw pasoppertjies trap en binne jouw waspore blij" (met nat weer, als iemand met die wa uit die pad draai, val die wa vas en dan kom die osse onder die sweep). Waar is nog benaminge als volg: Stormjaers, of maagbomme (vet koekies in haas op kommando in 'n pot vet gaar gemaak). Lappies-smous (vir 'n reisende agent van 'n koopman). Bondeldraer (vir 'n marskramer).

Nou kom die vraag: "maar kan dit alles onder die hoof van plattaal geplaas word?" Die antwoord sal iemand gee: "Bepaald nie." Maar toe die Eerste Skrywers Afrikaans begin skrywe het, werd sulke uitdrukkings, als voornoemd, onder hulle neus gevrijwe. Maar die skrywers het hul eenmaal daar nie aan gesteur nie, sodat Generaal Botha die uitdrukking van "holruggerij," en Generaal Hertzog die woord "papbroek" van hulle deftigste platforms gebruik, sonder dat hulle nodig het om te skaam. In 1897 het ons die woord "uitgeoorlê" in die mond van 'n Griekwa geplaas. "Ons Klijntjie" had toe sowat 2,000 intekenare, of tussen 4,000 en 5,000 lesers. Die woord werd daarna dikwels deur publieke sprekers gebruik. Had ons 'n gepaste woord in die mond van 'n blanke moes lê, dan sou ons geskrywe het "het uitoorlê," wat natuurlik nie plat is nie. Maar pas die twee woorde "uitgeoorlê," of "het uitoorlê" naas mekaar en oorweë die bedoelde mening en kijk dan. En tog moet dit vereers als plattaal deurgaan want 'n predikant sal tog nie van die preekstoel wil sê nie: "Jakob het vir Ezau uitgeoorlê"

(wat tog waar is). Of "Simson het die Filistijne met die esels kakebeen kafgeloop." Dit durf die Griekwa-prekers wel sê, en hulle word haarfijn verstaan.

Jammer ons het die aantekeninge van ettelike Griekwa preke verloor—soos reeds in Indeling 4 vermeld, dog lees "Kleopas Kipie" in ons "Jakob Platjie," tans in druk.

Plattaal—ten minste ons Afrikaanse Plattaal—is nie van alle goeie eienskappe beroof nie. Ons het reeds in hierdie boekblaaie daarop gewijs, dat ons Afrikaanse Taal sterk onder die invloed van Hollands en Engels gebring word. Wel, plattaal het die neiging weer in die teenoorgestelde rigting om verf en klei uit Afrikaanse bodem te haal om daarmee ons skilderije en beelde te vervaardig. Dit trek die gordijn op sij om die skeppings-vermoë van die Afrikaanse spreker te bewijs.

Als iemand sig die moeite wil getroos om gereëld aantekeninge te hou, als hij van tijd tot tijd ons land deurreis, dan moet hij doof wees als hij nie raak gesegdes en woorde hoor nie. Moenie glo, dat sulke raak kolskote tot die drukpers per briewe deurkom nie—te bang vir die blouw potlood van die redaksie. En dan iemand, wat die moeite sig getroos om sulke aantekeninge te maak, moet gesellig van aard wees, en daarbij 'n degelike besef van humor besit. Taalkundiges is soms te geneig om 'n taal, nes dokters 'n lijk, te ontleed, of nes plantkundiges, wat die pragtige blommewêreld, sonder bewondering daarvan, in afgekampte klasse rangskik. Altwee is egter nodig vir studie en genot.

Onder die puinhope van ou verwoeste stede word kosbaarhede uitgegrawe. In die ashope van die voorgesiedenis, ontdek die ondersoekers gereedskappe en wapens van steen van die voorhistoriese mensdom. Uit die modder in Switserland word dergelijke oudhede uitgehaal van meerbewoners, wat in die versluerde verledene op pale in die water gebou het—so ook sal ons waarde in ons plattaal vind. Weggooigoed word soms bruikbaar gemaak, so koop Duitsland jaarliks van Engeland ou blikkies van die vullishope en bewerk dit tot skinkborde en kinderspeelgoed

—op dieselfde manier kan ons plattaal ons van grote diens wees.

Toe die skrywer hiervan in 1881 van Leiden naar Amsterdam per spoor reis, maak hij bij toeval op die trein kennis met die Burgemeester van Utrecht. Spoedig was ons op ongesogte wijze in 'n gesprek gewikkel. Dog af en toe sien ons dat hij in alle beskeidenheid 'n glimlag onderdruk. Hij verklaar ons, waarom hij dit doen. En versoek ons toe spesiaal gebruik te maak van die Afrikaanse “naieve uitdrukkingen.” Toe het ons ons wapenhuis tamelik uitgepak en so “aardig” vind hij dit, dat hij sij reis verleng en met 'n terugtrein die plaas van sij bestemming bereik het. Dieselfde versoek werd deur 'n ander Hollander, Mnr. Pott van Delagoabaai aan ons gerig. Hij was Konsul Generaal van Nederland, S.A. Republiek en die Oranje Vrijstaat te Lourenço Marques. In sij geselskap, selfs aan eetmale, moes ons hom die genoë doen om, waar dit te pas kom sulke “pittige” uitdrukkinge te los. Ons sien hom nog hartelik lag.

Dus, daar sit wel degelik iets in ons plattaal, of graptaal, soos iemand dit ook al wil noem. En als 'n skrywer baing met geofendes daarin omgegaan het, en hij self daar nie mis in bebeeld is nie, dan kan hij voorwaar 'n glimlag op die stroefste gesigte krij. Die verskeidenheid daarvan is groot, en met enigsins slag en mensekennis sal hij spoedig sij weg vind om sij keus in die regte rigting te doen. Slaag hij nie in een rigting nie, dan doet hij, soos die Griekwa sê: “Die eerste slag het ek ge-oor, die tweede keer het ek ge-onder; maar die derde slag het ek die korrel van mij roer agter sij (die wildbok) blad vasgesuie, en toe kan jij net sien grondkoop (val).” 'n Hollander vind die uitdrukking “toe ek mij kom krij” seer grappig, en tog sê hij in sij taal, dat hij hom in gedagte verloor het.

Wil iemand 'n jonkkêrel laat glimlag, als hij 'n mooi jongnôï sien verbij stap, praat net van die “moenies van die ogies” of van die “assebliefies van die lippies.” So, moenie meer die ergste spot met ons graptaal drijwe nie—ieder gesegde is 'n rolprint van 'n bioskoop wat voor die oë van ons sinne verbij vlie.

Hierbo het ons die beskouwinge van die Genootskap omtrent plattaal en spottaal gegee. Die laaste het hul verag als 'n brabbel gemors maar plattaal het hul ondersoek, sonder egter dit aan te moedig. Dog dit is 'n boompie wat, onder ons versorgende hand, gekweek en besnoei kan word en die vrugte wat dit sal afwerp sal net "vorentoe smaak."

---

### HOOFSTUK XIII.

#### NASIONALE ONTWAKING.

Om enigssins 'n gedagte te vorm waar die ou Genootskap vatplek gekrij het om die wiel van die nasionale ontwaking te pak om dit te help uit die modderpoel van onbewussijn uit te beur, moet ons kortliks ons volksgeskiedenis van sij begin volg.

Onder die Hollandse Bewind het ons Afrikaners uit drie verskillende nasies tot een volk met eie taal ontwikkel. Dit mag bij baing van ons nie onder die aandag gekom het nie watter plan die "Oost Indiesche Compagnie" daartoe gebruik het. Met die uitgee van gronde aan die "Vrije Burgers" en Hugenote het hul meestal nie twee van dieselfde nasionaliteit naas mekaar laat woon nie. Hiervan lewer die ou kaarte en grondbriewe onder Simon van der Stel, "Gouverneur van Cabo de Bona Esperanza," 'n getrouwe bewijs. Let maar op die Hollandse en Franse name in Paarl en Stellenbosch van die aanliggende plase—gewoonlik is dit een Hollandse en dan daarnaas een Franse naam. Dit het wel gebeur dat die Hugenote ook Hollandse name aan hulle gronde gegee het, soos b.v. Kleinbosch aan die plaas van die voorouers van Ds. S. J. du Toit. Ook werd die Hugenote later genoep om nie meer in hulle moedertaal te preek nie. Ons hoef nie hier verder in te gaan om aan te toon watter voordele behaal word op staatkundig, sedelik en sielkundig gebied om op hierdie manier verskillende nasies in een volk te laat smelt nie.